Ten slotte, die verlies van my antie het 'n diep litteken agtergelaat, een wat 'n tydjie sal neem om te genees. Ek gaan haar glimlag, haar gesprekke en haar gebede mis. Maar ek weet sy rus in vrede, en ek glo sy is gelukkig waar sy nou is.

Rus sag, Antie Christel. Ek is lief vir jou—altyd en vir ewig.

Ek, **BRONWIN DAVIDS**, was baie geheg aan ant Christel, want sy was altyd die een wat my ge-*motivate* het en altyd vir my herinner dat ek spesiaal en meer werd is. Sy was letterlik soos 'n tweede ma vir my. Ek het baie opgekyk na haar. Ek het selfs 'n bond met haar gebou soos 'n liefde van 'n ma en kind wat ek letterlik nie geweet het waarvandaan dit gekom het nie.

Sy het elke keer as sy na my ouma toe gekom het vir my gesê ek moet baie hard leer om iets van my lewe te maak. Daarvoor was ek baie dankbaar, want ek het nogal so persoon nodig gehad. Daarom werk ek nog elke dag aan wat my ant Christel vir my gesê het.

Joh, as ek so dink dan was my ant Christel 'n baie liefdevolle mens en baie saggeaard, maar met 'n persoonlikheid wat baie harte gewen het. Sy was letterlik altyd daar vir my in my donker tye. Sy het my altyd van die Here geleer, dat dit belangrik is om die Here te dien. As ek net so aan haar mooi smile en gesig dink, dan loop my trane.

Ek mis haar letterlik nog elke dag en ek is nog steeds ongelooflik lief vir my ant Christel. Ek sal haar nooit vergeet nie.



I, **BRONWIN DAVIDS**, was very close to Aunt Christel because she was always the one who motivated me and constantly reminded me that I was special and worth so much more. She was literally like a second mother to me. I looked up to her a lot. I even built a bond with her like the love between a mother and child—something I honestly didn't even know where it came from.

Every time she came to visit my grandmother, she would tell me to study hard so that I could make something of my life. I was very grateful for that because I really needed someone like her. That's why I still work every day on what Aunt Christel told me.

Joh, when I think about it, my Aunt Christel was such a loving person and very gentle, but with a personality that won many hearts. She was literally always there for me in my darkest times. She always taught me about the Lord and told me how important it is to serve Him. Just thinking about her beautiful smile and face brings tears to my eyes.

I still miss her every single day, and I still love my Aunt Christel so much. I will never forget her.

Bronwin

Our aunt Christel

Carryn Willemse and Catelin Willemse

Aunty Christel was a great aunt who was a personable and kind person, who more than often, brought a sense of joy to those around her. Many spoke of her generosity and her relationship with the Lord. She showed this by always praying for people and wishing them well before her departure.

She visited us often during, or before, important events in our lives. She'd usually attract the attention of my two dogs, Ben and Scotty, and would end up laughing her heart out. Overall, I'd say she was a real ray of sunshine to those who she encountered and always tried her best efforts to lift the spirits of those around her.

Ant Christel was 'n wonderlike tannie — 'n hartlike en vriendelike mens wat dikwels vreugde gebring het aan diegene rondom haar. Baie mense het van haar vrygewigheid en haar verhouding met die Here gepraat. Sy het dit gewys deur altyd vir mense te bid en hulle die beste toe te wens voordat sy vertrek het.

Sy het ons gereeld besoek tydens, of net voor, belangrike geleenthede in ons lewens. Gewoonlik het sy dadelik die aandag van my twee honde, Ben en Scotty, getrek — en dan het sy uit haar maag uit gelag. Algeheel sou ek sê sy was 'n ware sonstraal vir almal wat haar pad gekruis het, en sy het altyd haar bes probeer om die gemoed van ander te lig.

— Carryn Willemse

Aunty Christel was someone who never held back when it came to following her heart. I remember how, whenever Carryn and I visited, she'd light up as she shared stories — tales from her youth, her hopes for the future. Some days, she'd take us back to her childhood; other days, she'd dream out loud about what still lay ahead. When it was time to leave, she never let us go empty-handed — jewellery, clothes, or a little something for the road. What I loved most about her was her generous spirit; gifting was her way of showing how much you mattered, how deeply she cared. I'll miss her warmth, her stories, her unwavering love for the people in her life.

Ant Christel het nooit gehuiwer om haar hart te volg nie. Ek onthou hoe sy altyd opgehelder het wanneer Carryn en ek haar besoek het — sy't stories gedeel, staaltjies uit haar jeug en drome oor die toekoms. Sommige dae het sy ons teruggeneem na haar kinderdae; ander dae het sy hardop gedroom oor wat nog voorlê. Wanneer dit tyd was om te groet, het sy ons nooit met leë hande laat gaan nie — juwele, klere, of iets kleins vir die pad. Wat ek die meeste van haar gehou het, was haar vrygewige gees; om te gee was haar manier om te wys hoeveel jy vir haar beteken het, hoe diep sy omgegee het. Ek gaan haar warmte mis, haar stories, en haar onwankelbare liefde vir die mense in haar lewe.

— Catelin Willemse

Ons pad op pad na die berg

Maryann Davids

Ek worstel nog met die dood, met die heengaan van Christel. Dit gaan nog *tough* aan my kant om die nuus te vat soos ons dit gekry het, maar ons moet dit so aanvaar. Ons kan niks doen nie, nè. Die Here moet my maar dra en krag gee.

Ek het vir Christel ontmoet, lieflike kind, by Lifestyle-kerk waar sy die Here gedien het. Toe is ons uit mekaar uit, maar ná haar ma se sterfte het ek haar kom soek, maar toe kry ek nie vir haar nie. Op 'n dag in 2020 het die Here my beopdrag toe ek en 'n ander suster berg toe is. Ons loop toe al 'n jaar en 'n half berg, 2019 het ons begin. Op 'n oggend is ons op pad berg toe, en ek hoor duidelik 'n stem wat my naam roep.

Maryann Davids, (Worcester, 2025).

Ek sê vir die suster wat by my is, "Hier roep iemand vir my." Maar dis uit 'n bos uit. Nou kan ek nie verstaan nie, wie roep na my, ons twee is dan alleen hier. Toe sê vir my, "Suster Maryann, dit moet die Here wees." Kyk, en terwyl ons daarbo besig is om te bid, gee die Here my Christel se hele gesig: ek moet daai spesifieke dag by Christel uitkom. Daai dag, toe stap ek daar van die berg af. Sy sê nog, "Ons gaan nie vir Christel kry nie, want dis einde van die maand." Ek sê, "Man, as die Here my stuur, dan gaan die Here vir haar by die huis hou."

En ek is af daai middag—vuurwarm daai dag—is ek af na Christel toe. Toe ek by haar kom, is sy net by die hekkie, sy's op pad iewers, dorp toe of iets. Ek sê vir haar, "Suster Christel, ek is nou na jou toe gestuur." Ek sê vir haar, "Die Here het my nou na jou toe gestuur." En sy draai daar om en sê, dis hoekom sy nie by die deur kon uitgekom het nie, want dan kom sy uit, dan gaan sy weer terug, dan kom sy uit, dan gaan sy weer terug, sy kom nie dat sy in die taxi kom nie, want sy sou taxi geklim het.

Sy draai daar saam met my om. Daar het ek en Christel se pad begin dat ons saamgestap het. Daai dag toe sê die Here ek moet vir haar kom sê, "Die voël met die verminkte vlerk, haar vlerk herstel die Here." Toe sit sy met trane in haar oë terwyl ek met haar deel, en ons het begin te bid. Daarna het ons verhouding begin. Ek het baie by haar gekom en ons het begin saambid daar by die huis. So het ons die pad begin stap tot die laatste uur en oomblik. Haar dood is só hard. Dan kuier sy by my, dan kuier ek by haar. Baie nagte het ons deurnag gebid.

So het ons baie mense geontmoet daar op die berg. Ons twee was daar op 'n Saterdagoggend, halfsewe daai oggend toe is ek en sy daar op die berg. Daai oggend toe kom daar 'n ou blanke vrou en 'n blanke man en ek en sy sit en bid toe daar. Die vrou kom direk na ons toe, en die vrou sê, ja, maar sy wil nou vir ons bid. En daai vrou het nou vir ons twee nou gebid. Mense, toe sê ek vir Christel, dis seker waarvoor ons hiernatoe moes gekom het.

"So het ek en sy die pad gestap. Ek en sy het mekaar nog laas gesien, ek dink nou voor haar sterfte, seker so twee of drie weke gelede toe sy en suster Lien by mekaar was. Ek kon toe nou nie meer so elke dag daar by haar gaan kuier nie, elke naweek by haar gaan kuier nie.

Toe ek vir Christel ontmoet, was sy nie meer die Christel soos wat ek gelos het nie. Sy het ge-*sign* vir die Here. Toe was sy en suster Lien bymekaar, maar toe het ek 'n bietjie met haar ge-*deal*, "Ek kom weer, ons gaan weer berg toe."

Maar ek het mos nou klein kinders na wie ek kyk wat ek moet oppas. Sy het baie met my geraas oor die kinders, dat hulle ma hulle in die crèche sit, want ek en sy kom nie by mekaar nie, so lekker bymekaar soos wat dit was in die begin nie. Sy het in my huis gekom, dan kom spreek sy my kinders aan, so groot en oud hulle soos is (hulle het ook al kinders), maar dan het sy hulle aangespreek.

Sy was vir my soos 'n dogter wat altyd geluister het, as ek met haar praat soos 'n ma. Ek sal haar altyd onthou, ek sal altyd daai mooi van haar onthou, daai kinderlike, daai leerbare gees, en daai gou wees om vir vergifnis te vra. Ek het so baie by haar geleer, som keer as ek 'n bietjie sterk na haar deurgekom het, dan praat ek met haar, streng soos 'n ma sal streng praat, dan sal sy altyd soos 'n kind wees, "Ja, vergewe my, dáár het ek verkeerd gedoen, en dáár het ek dít gedoen."

Aan die ander kant was sy my geestelike suster, na wie toe ek kan gaan as ek bietjie probleme het met wie ek kan gesels. Dan bid ons daaroor. As sy nou 'n probleem het, dan bid ons nou weer daarvoor. Ons kan deel met mekaar wat ons het, fisieke goeters en so. Ek sit hier nog met rokkies en goed wat sy vir my gegee het. Sy het nog laas 'n phonetjie vir my gegee—uit haar hart uit Here.

Sy was my gebedsmaat van 2020 af. Ek weet nie waar ek so 'n gebedsmaat gaan kry nie. Die Here moet regtig vir my 'n gebedsmaat stuur. Ek moet dit nou regtig 'n saak van gebed maak. Ek sal nie nou vir Christel kry nie, maar vertrou dat die Here 'n waaragtige een met opregtheid, met eerlikheid na my toe sal stuur.

Christel was mos 'n baie pragtige mens in die Here. Sy is eintlik sag en baie mense het haar misbruik uit haar goedheid. Sy was te goed gewees vir mense. Sy't so baie mense vertrou, sy't so almal vertrou. Ek het baie met haar daarvoor vasgesit, dan sê ek, "Christel, mens kan almal lief hê, maar jy kan nie almal vertrou nie, die Bybel sê so. Onthou jy bly alleen, jy kan nie so almal vertrou om in te laat en dié nie." Dis nou Christel, haar hart was oop gewees vir almal, maar al was dit ook wie, al was dit ook nou wat, haar hart het sy oopgemaak.

Ek gaan haar so baie mis, ek mis haar alreeds. Maar nou ja, dit moet wees soos die Here dit wil hê. Ek kan nie oor die Here se wil nie. Maar sy was 'n biddende, 'n biddende godsvrou.

Christel het 'n lewende, lewende verhouding met die Here gehad, baie sag, baie kinderlik, baie liefdevol. Ek sal haar altyd so onthou en daai pragtige *smile*. Die aand voor die roudiens,

Christel (Worcester, 1989).

daar by die huis, toe droom ek van haar. Maar nou ja, sy is by Jesus, ek glo. Sy is daar by die Here, en ek moet net volhard en haar tog eendag weer te sien. Sy het 'n ware, ware verhouding met die Here gehad. So het ek vir Marial ook daar ontmoet. Christel het baie gesê ons moet bid vir Marial, sy verlang na Marial. Só het ons baie gebid, sy was die *intercessor* van die Willemses, regtigwaar, want as ons begin bid, dan sê sy, "Sy bid vir Hein, bid vir Clive, bid vir Anton, daar is nog 'n broer wat sy die naam van genoem het... die prokureur ken ek nou. Dié het ek al geontmoet.

Wat julle het as Willemse-kinders, daai is van julle voorgeslag. Daai is dit wat mamma en pappa gekweek het. Dit is baie pragtig. Dit is baie mooi. Christel was totaal, totaal uitgekies van die Here, tussen julle almal Willemse. Nie dat die Here vir julle lief het nie of julle nie uitgekies is nie—elkeen het sy spesifieke doel waarvoor julle op die aarde is—maar Christel was besonders.

Sy was totaal vir die Here eenkant gesit gewees. Al wat sy moes gedoen het, is om haar knieë te wees vir die familie-kinders. Dis die eerste ding wat sy gesê het, ons moet bid vir die familie, suster Maryann. Altyd, as daar gebid word, dan is dit my familie, my familie wat ons moet voor bid.

Sy het regtig die Here se hart gehad, want sy het 'n hart vir mense gehad, maak nie maak wie hulle is nie.

Our path up the mountain

Maryann Davids

I'm still struggling with her death, with the passing of Christel. It's still tough on my side to accept the news as we received it, but we have to accept it that way. There's nothing we can do, right? The Lord must carry me and give me strength.

I met Christel—a lovely child—at Lifestyle Church, where she served the Lord. Then we lost touch, but after her mother passed away, I went looking for her, but I didn't find her. One day in 2020, the Lord instructed me while another sister and I were on our way to the mountain. We'd been going to the mountain for a year and a half—we started in 2019. One morning, on our way to the mountain, I clearly heard a voice calling my name.

I said to the sister with me, "Someone is calling me." But it came from a bush. Now I couldn't understand it—who's calling me? It's just the two of us here. Then she said, "Sister Maryann, it must be the Lord." And while we were up there praying, the Lord showed me Christel's whole face: I had to go to Christel that very day. That day, I walked down from the mountain. She said, "We're not going to find Christel because it's the end of the month." I said, "If the Lord sends me, then the Lord will keep her at home."

And that afternoon I went down—it was blazing hot—to Christel. When I arrived, she was right there at the gate, on her way somewhere, to town or something. I said to her, "Sister Christel, I've been sent to you." I said, "The Lord has sent me to you." And she turned around and said that's why she couldn't get out the door—every time she went out, she came back in, again and again. She couldn't manage to get to the taxi—she was supposed to take a taxi.

She turned back with me. That was the beginning of the journey that Christel and I walked together. That day the Lord told me to tell her, "The bird with the broken wing—the Lord is restoring her wing." She had tears in her eyes as I shared that with her, and we began to pray. That's when our relationship began. I visited her often, and we started praying together at her home. That's how we started walking the path until the very last hour and moment. Her death is so hard. She would come visit me, and I'd go visit her. Many nights we prayed through the night.

We met many people on the mountain. One Saturday morning, 6:30 a.m., Christel and I were up on the mountain. That morning, an elderly white woman and man came up, and while we were sitting and



Christel and Marial with their mother (Wellington, 2000).

praying, the woman came directly to us and said she wanted to pray for us. And that woman prayed for both of us. I said to Christel, "This must be why we came up here."

That's how we walked the journey together. The last time I saw her, I think, was two or three weeks before her passing, when she and Sister Lien were together. I could no longer visit her every day or every weekend like before. When I met Christel again, she wasn't the same Christel I had last seen. She had committed herself to the Lord. At that time, she was with Sister Lien, but I spoke to her a bit, "I'm coming again, we're going back to the mountain."

But I now have small children I look after. She often scolded me about the children—that their mother should put them in crèche—because she and I no longer spent as much time together like in the beginning. She would come to my house and even correct my children—grown as they are (some of them already have kids)—but she would still speak to them.

She was like a daughter to me who always listened when I spoke to her like a mother. I will always remember her—I will always remember that beauty in her, that childlike, teachable spirit, and how quick she was to ask for forgiveness. I learned so much from her. Sometimes when I came down a bit hard on her, I'd speak to her, as a mother would, and she'd always be like a child: "Yes, forgive me, there I was wrong, and there I did that."

On the other hand, she was my spiritual sister—someone I could go to when I had problems and talk to. Then we'd pray about it. And if she had a problem, we'd pray about that too. We shared everything with each other, even physical things. I still have dresses and things she gave me. She even gave me a little phone—the last one—from her heart, dear Lord.

She was my prayer partner since 2020. I don't know where I'll find another prayer partner like that. The Lord will really have to send me one. I must now truly make it a matter of prayer. I won't find another Christel, but I trust the Lord will send someone sincere, honest, and genuine.

Christel was a beautiful person in the Lord. She was soft-hearted, and many people took advantage of her kindness.

She was too good to people. She trusted so many, trusted everyone. I often had words with her about it. I'd say, "Christel, you can love everyone, but you can't trust everyone—the Bible says so. Remember, you live alone—you can't trust everyone and just let them in." That was Christel—her heart was open to everyone, no matter who or what they were, she opened her heart.

I'm going to miss her so much—I already miss her. But well, it has to be as the Lord wills. I can't go against the Lord's will. But she was a praying, godly woman.

Christel had a living, living relationship with the Lord—so soft, so childlike, so loving. I'll always remember her like that—and that beautiful smile. The night before the memorial service, there at the house, I dreamt of her. But well, she's with Jesus, I believe. She's with the Lord, and I just have to persevere so that I can see her again one day. She had a true, true relationship with the Lord.

That's also how I met Marial. Christel often said we must pray for Marial—she longed for Marial. We prayed a lot—she was the intercessor of the Willemses, truly. When we started to pray, she'd say, "Pray for Hein, pray for Clive, pray for Anton," and there was another brother whose name she mentioned…I know the lawyer—him I've met.

What you Willemse children have—that comes from your ancestors. That's what your mom and dad cultivated. It's very beautiful. Christel was totally, totally chosen by the Lord among you all, the Willemses. Not that the Lord doesn't love you or hasn't chosen you—each of you has a specific purpose for being on this earth—but Christel was special.

She was completely set apart for the Lord. The only thing she had to do was bend her knees for the family children. That was the first thing she said: "We must pray for the family, Sister Maryann." Always, when there was prayer, it was for her family—her family we must pray for.

She truly had the heart of the Lord, because she had a heart for people—no matter who they were.

’n Lewe van ware vriendskap

Karen Gordon

Met die heengaan van Christel het ek nie net 'n vriendin verloor nie, maar 'n vrou wie se lewe 'n sagte, maar diep impak op dié rondom haar gehad het. In stilte, met 'n rustige teenwoordigheid en 'n liefdevolle hart, het sy 'n nalatenskap van opregtheid, geloof en vriendskap nagelaat wat ons vir altyd sal koester.

My reis met Christel het meer as vyftig jaar gelede begin, toe ek as tienjarige aan haar en haar suster Marial voorgestel is. Ons pa’s het saam by die poskantoor gewerk, en daardie ontmoeting sou uitloop op een van die kosbaarste verhoudings van my lewe. Sedert daardie dag was sy nie net 'n vriendin nie, sy was vir vyf dekades 'n konstante teenwoordigheid in my lewe.

Christel met Marial, Blanche Wehr en Michelle Fouldien (Worcester, 1980).

Ons was deel van 'n hegte groep vriendinne, vyf jong meisies wat deur die lewe se stadiums saamgegroei het. In ons tienerjare en jong volwasse lewe was ons feitlik elke dag saam. Ons het saamgelag, saamgehuil, saamgegroei. Soos die jare verbygegaan het, het ons bande net sterker geraak. Sy was my strooimeisie en later 'n steunpilaar tydens die geboorte van elkeen van my kinders. In goeie en slegte tye kon ek altyd op haar staatmaak, sonder oordeel, sonder voorbehoud.

Wat Christel besonders gemaak het, was haar diep geloof en nederigheid. Sy het haar spiritualiteit nie uitgestal nie, maar eerder geleef, op die manier waarop sy mense behandel het, haar lojaliteit, haar sagtheid, en haar vermoë om altyd 'n glimlag te gee, selfs in moeilike tye. Sy was nie 'n persoon vir groot vertoon nie, maar eerder 'n vrou van stille krag.

En ja, sy het 'n liefde vir koek en lekkernye gehad, iets wat elke saamkuier net nóg meer spesiaal gemaak het! Maar haar grootste “soetigheid” was haar hart: sag, rein, en opreg.

Haar afwesigheid laat 'n groot leemte in my lewe, maar haar herinnering sal nooit vervaag nie. Ek mis haar teenwoordigheid, haar stem, haar raad en haar rustige geaardheid. Sy het my geleer hoe om met waardigheid lief te hê, en met geloof deur moeilike tye te beweeg.

Vir almal wat haar geken het: Mag ons vertroosting vind in die feit dat Christel 'n betekenisvolle lewe geleef het. Sy het lig gebring waar daar donkerte was, rus gebring waar daar onrustigheid was. Mag haar voorbeeld ons aanmoedig om met meer deernis te leef, meer opreg te luister, en meer getrou aan ons waardes te wees.

Christel, jy was 'n gawe. Jou nalatenskap leef voort in elke hart wat jy aangeraak het.

Dankie vir jou voetspore in my lewe.

Christel, you were a gift

Karen Gordon

With Christel's passing, I didn't just lose a friend—I lost a woman whose life left a gentle but profound impact on those around her. In quietness, with a calm presence and a loving heart, she left behind a legacy of sincerity, faith, and friendship that we will treasure forever.

My journey with Christel began more than fifty years ago, when I, as a ten-year-old, was introduced to her and her sister Marial. Our fathers worked together at the Post Office, and that meeting would blossom into one of the most precious relationships of my life. From that day on, she wasn't just a friend—she was a constant presence in my life for five decades.

We were part of a close-knit group of friends, five young girls who grew through all of life's stages together. In our teenage years and early adulthood, we were practically inseparable. We laughed together, cried together, grew together. As the years passed, our bond only deepened. She was my bridesmaid and later a pillar of support through the birth of each of my children. In both good and difficult times, I could always count on her, without judgment, without hesitation.

What made Christel truly special was her deep faith and humility. She didn't display her spirituality; it was simply who she was. It lived in how she treated people, her loyalty, her gentleness, and her ability to always offer a smile, even in hard times. She was never one for grand gestures, but rather a woman of quiet strength.

And yes, she had a love for cake and sweet treats, something that made every get-together even more special! But her greatest "sweetness" was her heart: soft, pure, and sincere.



Christel with Scotty (Worcester, 2020).

Her absence leaves a great void in my life, but her memory will never fade. I miss her presence, her voice, her wisdom, and her calm nature. She taught me how to love with dignity and how to walk through tough times with faith.

To everyone who knew her: May we find comfort in knowing that Christel lived a meaningful life. She brought light where there was darkness, peace where there was restlessness. May her example inspire us to live with more compassion, to listen more sincerely, and to stay true to our values.

Christel, you were a gift. Your legacy lives on in every heart you touched.

Thank you for your footprints in my life.

‘Soos dou op die oggendgras’

Ronald Campher

O Hein Willemse en familie,
In hierdie vallei van trane en hartseer,
brei ek my diepste meegevoel vir die verlies van jou geliefde suster, Christel, aan julle uit.

In 'n wêreld waar die oggend net met vreugde en lag blyk te breek, is haar skielike vertrek 'n swaar wolk wat skaduwees op julle harte gooi.

In die lewensdoek van die bestaan is elke lewe 'n draad, lewendig en uniek. Christel, in haar 61 jaar, het helder kleure in julle familie se bestaanstof gewerk — elke herinnering 'n vreugdevolle kleur, elke oomblik 'n gekoesterde merk van skoonheid.

Alhoewel die winde van die noodlot haar lewensdraad te gou en skielik weggesny het, bly die lig wat sy in julle lewens gebring het, nog steeds, fluisterend van die liefde wat nooit vervaag nie.

Treur, liewe vriende, want die diepte van die liefde wat ons voel, is 'n testament vir die verband wat julle gedeel het. Maar weet dat Christel se gees in julle hartseer bly, soos glinsterende dou op die oggendgras — in elke gekoesterde herinnering, en elke gedeelde lag.

Open julle harte en gemoedere vir die sagte omhelsing van genesing, want liefde bly bestaan buite die sluier van hierdie wêreld. In julle oomblikke van stil refleksie, voel haar teenwoordigheid in die stories wat julle vertel en die lag wat julle deel.

Hartseer kan soos 'n sterk gety kom, maar onthou dat die see altyd terugkeer na sy rustige kus. Mag die herinneringe van Christel julle omvou, mag die liefde wat julle met haar gedeel het, julle vertroos, en mag julle krag in mekaar vind terwyl julle hierdie diepgaande reis van verlies navigeer.

Hou haar lig in julle harte saam, want sy sal langs julle loop in elke oomblik van skoonheid wat voorlê.

Met diepe omgee.

Oh Hein Willemse and family,
In this valley of tears and sorrow, I extend my deepest condolences to you for the loss of your beloved sister, Christel.

In a world where the morning seems to break only with joy and laughter, her sudden passing is a heavy cloud casting shadows upon your hearts.

In the tapestry of existence, every life is a thread — vibrant and unique. Christel, in her 61 years, wove bright colours into the fabric of your family’s being — each memory a joyful hue, each moment a cherished mark of beauty.

Although the winds of fate have cut her thread too soon and suddenly, the light she brought into your lives still remains, whispering of a love that never fades.

Mourn, dear friends, for the depth of the love we feel is a testament to the bond you shared. But know that Christel’s spirit lives on in your sorrow, like glistening dew on morning grass — in every treasured memory and every shared laugh.

Open your hearts and minds to the gentle embrace of healing, for love endures beyond the veil of this world. In your quiet moments of reflection, feel her presence in the stories you tell and the laughter you share.

Grief may come like a powerful tide, but remember that the sea always returns to its calm shore. May the memories of Christel surround you, may the love you shared with her comfort you, and may you find strength in one another as you navigate this profound journey of loss.

Keep her light in your hearts, for she will walk beside you in every moment of beauty that lies ahead.

With deep regard.

’n Onverwagte dood

Hein Willemse

Memento mori, memento vivere
“Onthou om te sterwe, onthou om te lewe”

I

Die boodskap het gekom terwyl ons op pad terug van Knysna na Kleinkrantz is. Teen die verwagting in rep RSG se middagnuus-program geen woord van verdere reaksies op die dood van Pous Franciskus wat die vorige dag, Paasmaan-dag, oorlede is nie. Ek hoor die foon, maar tel nie op nie. Dis Marial. Uit gewoonte antwoord ek nie terwyl ek bestuur nie, maar ek skakel altyd later terug. 'n Halfuur later is daar 'n tweede oproep. Dis Paul wat bel, as dit dringend is, sal hy in elk geval opvolg. Kort daarna lui die foon weer. Dis Paul. Ek gee die foon vir Carol, dit lyk na 'n noodgeval. “Hy wil met jou praat,” sy probeer die telefoon teen my oor druk, maar ek skerm dit weg.

“Ek sal hom terugbel, sodra ons by die huis kom.”

“Sê hy moet aftrek, dis dringend,” hoor ek hom sê. Ek is op 'n lang draai op die N2 tussen die Rheenendal- en Buffelsbaai-afdraaipaaie en daar is nie onmiddellik 'n plek om af te trek nie. Dit neem 'n hele paar sekondes in die druk verkeer voor ek naby die afdraand na Buffelsdraai 'n veilige plek kry om af te trek.

“Ja, Paul?”

“Ek het slegte nuus. Dit lyk of Christel gesterf het.”

“Wat?!”

“Ja, Marial het my 'n rukkie gelede gebel. Sy en 'n vriendin van Christel het haar in die huis aangetref.” Die vriendin op soek na Christel kon haar nie opgeklop kry nie, en Marial het haar ook nie die oggend nie op die werf gewaar nie. Alles is dig in die huis. Uiteindelik kry hulle die skuifdeur van haar kamer oopgestoot en trek die gordyne weg. Deur die tralies sien hulle haar in haar nagklere met haar gesig in die kussings, haar hande styf geklem. “Ons het die polisie en die ondernemer gebel.” Paul klink nog olik, hy is letterlik uit ’n weeklange siekbed opgeroep.

“Wat is dit,” vra Carol, nadat ek afgelui het. Sy hoor die nuus met verbasing aan. Ons ry in stilte verder. Terug by die huis bel ek Paul terug. Hulle wag steeds op die ondernemer.

“Is julle seker sy’s dood,” vra ek.

Daar was aarseling in sy eerste reaksie; dié keer is sy antwoord sonder huiwering. “Sy’s dood en yskoud. Dit lyk of rigor mortis al ingetree het.” Paul wonder hardop of daar nie 'n onnatuurlike oorsaak vir haar dood is nie. “Die polisie was nog nie hier nie.”

Vir die volgende paar uur hanteer ons familielede ons skok en ontsteltenis op uiteenlopende maniere. Kon sy natuurlik gesterf het, was daar misdaad betrokke? Nee, daar was geen teken van betreding nie, die huis was dig, geen teken van inbraak nie, alles wat gesluit. Maar tog, dit kan tog nie wees nie, sy was dan fiks, skraal en gesond met geen teken van skete nie. . .

Christel met haar ma Cathy, haar suster Marial en broers Paul, Hein, Anton en Clive (Wellington, 2000).

Christel met haar ma Cathy, haar suster Marial en skoonsusters Carol (links voor) en Moira, Claudine en Melanie (Wellington, 2000).

In ons gesprekke oor die volgende paar uur kristalliseer net een moontlike oorsaak: haar epilepsie. Maar sy het dan jare laas 'n aanval gehad, redeneer sommige, tog bly dit die enigste moontlike verklaring vir ons, die leke wat haar geken het. Sy moes 'n intense epileptiese aanval gehad het, wat haar toe vuiste verklaar.

Dae later speur ek op die internet die ses fases van rigor mortis na en daaruit is dit duidelik dat toe Marial en Franzail die skuifdeur oopgeforseer het, Christel ten minste agt uur vroeër gesterf het. Dis waarskynliker dat sy vóór middernag dood is. 'n Hoofstuk oor die Willemse-voorgeskiedenis wat ek op ons WhatsApp-familiegroep geplaas het, het sy nege minute voor sewe op 21 April oopgemaak en 'n paar minute later om 7:03 nm. haar allerlaaste boodskap gestuur: "Goeienaand Hein, geruste nagrus van Vrede, gesondheid en liefde. Gods rykste seëninge, Hein vir jou en Carol. Shalom." Haar boodskap was dié dag vroeër as gewoonlik, in die verlede het sy soms so laat as tienuur haar gebruiklike groet gestuur. Alles in ag genome, is ek seker dat sy in die laataand van Paasmaandag gesterf het.

Ons knip ons vakansie in die Suid-Kaap kort en reis die 500 km terug. Die dag ná ons terugkeer ontmoet ek Paul by die kliniek op die terrein van Worcester Hospitaal. Hy voel steeds olik met 'n effense lighoofdigheid en 'n drukking agter sy oë—sy siekte het 'n nadraai. Ons is egter nie daar om sy gesondheid nie, maar om die wetlikhede af te handel. Van die mense in die wagkamer herken hom en kom simpatiseer. Die laaste keer wat hy Christel gesien het, was toe sy 'n paar dae vantevore, op Stille Saterdag langs sy hospitaalbed vir genesing gebid het.

Die verteenwoordiger van die ondernemer lei ons deur die labirinte van die kliniek en die tientalle wagtendes na 'n ondersoekkamer eenkant in 'n *prefab*-geboutjie. Paul lig die dokter oor sy bekommernisse in. Sal hy kyk of daar enige teken van 'n onnatuurlike dood is, want hulle het haar beursie leeg en sonder haar identiteitskaart onder die kopkussings gekry? Die dokter wat te oordeel aan sy naamplaatjie en nekband onlangs aan die Universiteit van die Vrystaat afgestudeer het, luister aandagtig en respekvol. Hy sal die patoloog vir 'n tweede mening vra, belowe hy. "Terloops, ons kry nie 'n rekord van haar by die kliniek nie. Het julle dalk haar nommer?

"Sy't haar medisyne vir epilepsie hier gekry. Ek weet nie wanneer laas sy hier was nie," antwoord Paul.

Na sy ondersoek kom die dokter aangestap na ons waar ons op dié snikhete dag in die skadu van 'n boom wag. "Ek sien niks onnatuurlik nie, maar ek vra die patoloog." Ons stap terug na die wagkamer met die dokter wat ongemerk in die labirint verdwyn.

"Hoe gaan sy begrawe word," vra die rietskraal verteenwoordiger.

"Ons gaan haar veras," sê ek.

"Dan moet die dokter die vorms daarvoor teken. Ek moet hom dan gaan inlig." Hy verdwyn weer tussen die wagtendes deur en keer na 'n kwartier met leë hande terug. "Ons kan eers môre die sertifikaat kry."

Die afgelope dertig jaar het ons telkens dieselfde begrafnisondernemer gebruik. Eers Pa in Julie 1995, toe Ma in Augustus 2005 en nou Christel in April 2025—sterfgevalle in veelvoude van dekades.

Dis die eerste verassing in ons gesin maar nie die eerste in ons uitgebreide familie nie. Voorheen is antie Rosie en ons neef Ralph aan die moederskant van die familie veras. In die loop van die voorafgaande dae het die res van die gesin sonder teenstand tot 'n vergelyk gekom. Toe my ma net voor haar dood, meer as 20 jaar gelede gevra is, of sy veras wil word, was sy onverbiddelik, "Nooit! Opstandingsdag wil ek op my eie twee bene die Here tegemoet loop."

Ek en Paul staan op die stoep en beraadslaag met Marial oor die begrafnisreëlings. Dis net ons drie, Anton sit in Johannesburg en Clive het huislike

verpligtinge. Dis te drukkend om in die donker huis vol herinneringe om 'n tafel te sit. Die lys van wat gedoen moet word, is alles prakties: Waar is die ID? Het sy rekeninge wat gesluit moet word? Gaan daar 'n biduur wees? Hoe lyk die begrafnisreëlings?

By Alpha & Omega simpatiseer Jonathan Carelse, die direkteur en neem ons na sy kantoor. Ons gesprek is vriendelik maar saaklik, 'n begrafnis moet gereël word. Dis asof ons blokkies op 'n virtuele lysie aftik.

"Dag? Datum? Vakansiedae is duurder. Diens by die huis?"

"Nee."

"Net die kerk dan?"

"Ja."

"Teraardebestelling of verassing?

"Verassing."

"Direk of moet die oorskot by die diens wees?"

"Nie direk nie."

"Ok, ons sal haar mooi maak vir die besigtiging."

"Liewer nie besigtiging nie."

"Maar ons sal haar mooi maak ... Kom ons kyk."

"Gaan iemand haar uitlê of moet ons dit doen?"

"Claudine wil dit graag vir Christel doen," antwoord Paul.

"Goed, ons sal laat weet wanneer sy kan kom."

Ons praat oor geloofstradisies en hul voorkeure in dié tye. Dertig jaar vantevore met Pa se begrafnisreëlings het Jonathan se voorganger, ook 'n Jonathan, 'n vertoonkamer met verskeie doodskiste gehad. Nou is daar geen noodsaak meer nie, 'n katalogus sal voldoende wees. Ons kies 'n kis uit die katalogus wat hy na ons uithou. Besadig en nie uitspattig nie. "Onthou die boodskappies vir die koerantadvertensie en die foto. Ons sal dit vergroot vir die kerkdiens."

Die volgende stop dié Donderdagmiddag is ds. George Murray, die leraar van die Calvyn Protestantse Kerk op die hoek van Le Seuerstraat en Leipoldtlaan. Die dominee en sy vrou ontvang ons met grasie en vriendskap. Daar is 'n lang geskiedenis van die Willemses en dié kerkgenootskap en die dominee sê dis sy voorreg om die begrafnis waar te neem, ten spyte daarvan dat hy met langverlof is. Daar is reëlings met reëls maar vandag het ons reëlings met deernis ontvang, ook hier in die pastorie. Dit tref my, dié is die derde keer dat ek en Paul in hierdie pastorie, telkens 'n ander eerwaarde, 'n afspraak oor 'n begrafnisdiens nakom. Ds. Murray sit ons met 'n innige troosgebed op die pad.

Pas terug by die huis in Buitenkantstraat, klop 'n man en sy gevolg wat uit 'n rooi Volkswagen kombi klim, by die huis aan. Die man stel hom self voor as pastor Adetula Gabriel van The Redeemed Christian Church of God, sy vrou pastor Ruth en 'n gemeentelid. Hy praat met waardering oor Christel en haar passie in dié Pinkster-gemeente en die kragtige getuienis wat sy die afgelope Paassondag in hulle kerk op die tweede verdieping van die Ou Mutual-gebou in Hoogstraat gelewer het. Hulle sou graag 'n waak by die kerk wou hou.

Heeltemal in orde, sê ek en Paul, maar die familie sal waarskynlik nie daar wees nie, hulle is almal uitstedig en ietsie klein word op dieselfde tyd vir die bure beplan wat nie die begrafnis kan bywoon nie. Die pastor begryp en bid besielend oor hul suster-in-Christus wat heengegaan het.

II

Die begrafnisondernemer het 'n foto nodig vir sy advertensie en die begrafnisbrief. Ek soek op my rekenaar en blaai deur ons albums en

Christel met haar ouers Stephen en Cathy (Worcester, November 1980).

'n vloed herinneringe duikel oor die plastiek skutblaaie. Daar sit jy onder 'n palmboom met Ma en Pa, jou eerste foto. Ma wat jou soos 'n porselein-poppie vashou en jy wat met 'n effense frons reguit na die kamera kyk. My inskrywing in die album is verkeerd, die foto is nie op Kersdag 1963 geneem nie. Ek skrap dit met 'n rooi pen uit en verander dit na 1 Maart 1964, jou doopdag. Dieselfde dag as die verjaarsdag van die ou dominee wat spesiaal sy aftrede vir dié geleentheid onderbreek het.

Op daardie dag is ander foto's ook geneem, een waar jy op 'n bankie wuif of waarskynliker, jou hand uitsteek na Ma wat buite die raam staan of die een waar Marial soos dit 'n ouer suster betaam jou aan die hand vasvat, maar jy wankelend voortbeur. Daar's die foto waar jy met jou eerste verjaarsdag op die koffietafel sit, glimlaggend met 'n strikkie in die hare. Drie foto's met drie gesigs-uitdrukkings en drie verskillende emosies wat sekerlik oor die ses dekades van jou lewe sou terugkeer.

Christel met Paul op haar 20ste verjaarsdag (Worcester, 1983).

In ons gesin het die foto op die koffietafel 'n ritueel geword. Behalwe vir die oudste twee, is 'n foto van elk van ons jonger sibbe, vanaf Anton tot Paul, op die koffietafel geneem. My en Clive se foto's ter bevestiging van ons een jaar-status is al sittende tussen die renosterveldbossies van Ladismith geneem.

Ek onthou die dag toe ons uit Mosselbaai vertrek het. Ons staan op die skuins stoep van die hout-en-sinkhuis waar ons vir vier jaar op die werf van die Lutherse Kerk gebly het. Ma het gesorg dat ons almal netjies is, ons hare gekam, elk met 'n behoorlike paadjie, behalwe Marial wie se hare tot op haar skouers hang. Twee jaar later op Worcester, 'n paar maande voordat ons ons nuwe huis op Buitenkantstraat betrek het, is jou hare uitgekam en staan jy en Marial met eenderse wit kuitkouse met frilletjies in eenderse rokkies met ronde krae wat Ma gemaak het.

Die eenderse aantrekkery het julle seker nie gepas nie, want kort voor lank verskyn julle weer saam op foto's, maar dié keer druk jy jou stempel af. Die styl van die lang rokke wat Ma gemaak het, is dieselfde met wyd-geplooide some maar joune is ligblou met blommetjies. Jy poseer selfbewus, jou linkerheup effens uitgestoot soos die modelle wat jy in vrouetydskrifte gesien het. Op 'n latere foto poseer jy met jou eerste bril in 'n geel rok en 'n onderbaadjie, dieselfde materiaal waarmee Ma haar rok gemaak het. Sy het gekies om van die geblomde materiaal 'n serp te maak en jy 'n bostuk.

Ons Willemse-kinders bril, ons erge bysiendheid oorgeërf van Ma. Was dit nie Wally Grove nie wat op 'n keer die hele gesin op die stoep aangetref en gesê het, "Daar sit die Willemses, almal bril behalwe die hond!" Jy het nie van 'n bril gehou nie, want op talle foto's verskyn jy daarsonder soos die een met Grandma Miemie 'n paar maande voordat sy 'n verlammende beroerte gehad het. Maar jy was altyd bewus van jou eie beeld. Op dié foto dra jy 'n ligte spierwit rok met 'n rooi bessie-borsspeld wat die indruk van jeugdige selfvertroue afrond. Dieselfde dag is jy afgeneem met Marial op die grasperk voor die huis. Jou oë is toe, maar jy is nie onbewus van die moment nie. Op 'n ander poseer jy selfbewus in 'n pienk rok met groot knope, tipies van die 1980's, jou hare opgekam terwyl jou linkerhand liggies op jou skouer rus.

Jy verskyn op talle foto's met Paul, die eerste voor 'n dekoratiewe muur. Jy en Marial staan aan weerskante van Pa en Paul, nie veel ouer as tien maande nie, sit op sy knie. Jy is vyf jaar oud en jy lyk verbaas. 'n Jaar of wat later het Pa daardie mooi muur afgebreek en die eetkamer op die stoep laat bou. Dis dieselfde eetkamer wat vyf-en-twintig jaar later in ligte laaie gestaan het toe klippe en 'n petrolbom na die huis gegooi is.

"Dit was verskriklik gewees, dit was verskriklik. . . want hulle val my pa aan. Hy was kalm, hy't gesê, 'Dié mense weet nie wat hulle doen nie. Hulle word aangesê deur mense wat haat en bitterheid en onmin wil saai. Ons moet hulle vergewe en vryspreek.'" Op die stemopname vir die projek waaraan ek werk, praat jy met deernis van ons ouers en jou besef oor die plek van gebed in jou lewe, "Dan besef jy, ja jy moet, want met bitterheid en haat kan jy

nie in jou hart voortgaan om te lewe nie. Dit het ek kom leer. En toe bid my ma en my pa hier in die eetkamer. Die belangrikste vir my ouers was om saam te bid. Dit het my weer laat besef: Gebed dra groot krag."

Ja, jy het van jongs af jou geloof ernstig opgeneem en altyd met dwingendheid gebid. Ek onthou die keer, met ons vieringe op Oukersaand ná Pa se dood, toe jy met jou gebruiklike intensiteit voorgebid het en Ma jou moes inkatrol, "Christel, die Here't jou nou al gehoor, jy kan nou maar Amen sê."

Ons het so gelag toe jy jou wenkbroue by Pa se begrafnis afgeskeer en met 'n swart oogomlyner nagetrek het. Jy het glad nie van ons reaksie gehou nie en jare later toe ons dit weer ophaal, het jy ons met beslistheid op WhatsApp tereggewys. "Ek's 'n Koningskind, ek's my Vader se kind, ek's die Here se kind. Ek is baie ontsteld." My verskoning het jy sondermeer aanvaar, "x aanvaar jou apologie, mooi dag verder" en dit met jou geliefde woord "Shalom" as afgehandel beskou. Jy laat nie met jou mors nie, sê ons in goeie Afrikaans. Ek is seker in jou vriendekring is daar talle wat daarvan kan getuig, maar hulle sal ook bevestig dat jy maklik kon vergewe.

Jou epileptiese aanvalle het jou lewe beïnvloed. Ek onthou hoe tydens 'n aanval Ma 'n lepel in jou mond moes druk om te keer dat jy jou tong afbyt. Ek onthou hoe Pa erg bekommerd my kantoor gebel het toe jy jouself in Johannesburg bevind en nie van jou laat hoor het nie, "Wat as die kind daar 'n aanval kry, waar sy niemand ken nie?" Toe ek voorstel dat jy moet leer kar bestuur, was jou antwoord, "En as ek 'n toeval kry?"

Jy was nooit prakties ingestel nie, soos dié keer toe jy my in Pretoria gebel het om te sê dat die drein in die kombuis verstop is en jy 'n loodgieter moet inkry, en ek gesê het, "Gaan koop net *drain cleaner* en lees die aanwysings."

Die esoteriese het jou aangetrek. Jare gelede het jy 'n volle uur gesit om numerologie aan my te verduidelik en syfers en datums met my lewensloop te verbind.

Ja, die onkenbare, die mistieke, die bonatuurlike, die onverklaarbare het jou aangetrek. Op Facebook sien ek jou tydens die diens van die gemeente in Hoogstraat. Die lof- en aanbiddingroetine het jou duidelik meegevoer.

